

Dr R M Britz, Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Hoe gereformeerd was die Franse Hugenote?

“Dat de Drie Formulieren van Enigheid met de Dordtse Liturgie ook hier de grondslag van leer en dienst zijn, en dat wij hier voor ons hebben de *Gereformeerde Kerk* of gemeente van Drakenstein – zal u duidelijk worden uit heel de verrichting, die nu begint.”¹ Totius² aan die woord. Hy skryf oor ’n erediens van die “Hugenote”³ wat sedert 1688 ’n heenkome aan die suidpunt van Afrika gevind het. So beeld hy die hart van hulle kerklike lewe uit toe hy in 1909 *de geschiedenis der Hollandse kerken in Zuid-Afrika in taferelen geschetst*⁴ het. Daarmee het hy tiperend gestalte gegee aan ’n indruk en assosiasie wat vir die res van die 20ste eeu in die Afrikaanse geskied-⁵ en kerkgeskiedskrywing⁶ aanvaar en volgehou is. Aan die hand van twee kerklik-teologiese geskrifte uit die geleedere van hierdie vlugteling word dié inbeelding hieronder getoets. Die toegespitste vraag is of die Franssprekende gemeente van Drakenstein⁷ gedurende die vroeë 18de eeu wel so (“Dordts”-)gereformeerd was as wat algemeen aanvaar word.

1. Sien T Hamersma, S O Los en J D Du Toit: *De geschiedenis van de Christelike kerk*. Potchefstroom 1911, 283.
2. Vir hom, vgl. V E D’Assonville: *Totius – profeet van die Mooirivier. ’n Lewensskets van prof dr J D du Toit*. Kaapstad 1977.
3. Vir hulle geskiedenis, sien J G Gray: *The French Huguenots. Anatomy of courage*. Grand Rapids 1981, 55 ev; M Boucher: *French speakers at the Cape in the first hundred years of Dutch East Company rule . . .* Pretoria 1981, 1-102. Vir ’n oorsig, sien J N Bakhuizen van den Brink: *Handboek der kerkgeschiedenis IV*. Den Haag 1968, 12 ev.
4. In Hamersma, Los en Du Toit: *aw*, 265 ev.
5. Vgl bv C L Leipolt: *Die Hugenote*. Kaapstad 1939; C G Botha: *The French refugees at the Cape*. Cape Town 1971³; J L M Franken: “Die Hugenote aan die Kaap”, in *Argiefjaarboek* 41, 1978; C F J Muller: *Vyfhonderjaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria 1980³, 44; F A Van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot P W Botha*. Johannesburg 1982³, 39 ev, veral 42.
6. Vgl bv A Moorrees: *Die Nederduiste Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*. Kaapstad 1937, 86 ev; T N Hanekom (red): *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenboek by ons derde eeufees*. Kaapstad 1952, 34 ev; P Coertzen: *Post Tenebras Lux. Die Hugenote van Suid-Afrika: hulle koms, vestiging en invloed (1688-1988)*. Studiestuk 241, IRS, PU vir CHO 1988; P Coertzen: *Die Hugenote van Suid-Afrika. 1688-1988*. Kaapstad 1988. Die bibliografie hierby is uitstekend, 175 ev.
7. Vir die geskiedenis van hierdie gemeente, vgl *Kwartmilleniumgedenboek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente, Paarl. ’n Oorsig van die geskiedenis van die gemeente 1691-1941*. Paarl 1941.

1. LITERATUUR VAN TEOLOGIESE AARD UIT DIE GELEDERE VAN DIE FRANSE VLUGTELINGE

Op 25 Januarie 1699 het ds Pierre Simond,⁸ uitgesproke predikant wat die Franse vlugtelinge⁹ na die Kaap vergesel het, 'n preek gelewer wat later persklaar gemaak is. As 'n pamflet met die titel *La vraye Adoration, Et les vrais Adorateurs ou Sermon jur ces paroles du Cap. 4 le l'Evangile jelon St. Jean v. 23 & 24* is dit gedurende 1707 in Haarlem gepubliseer.¹⁰ Toe C Spoelstra die *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika*¹¹ in Nederlandse argiewe uitgesnuffel het, het hy hierop afgekom. Hy het dit uit Frans vertel en 'n afskrif daarvan in die Kaapse kerkargief gelaat. Hierbenewens het Simond tydens sy verblyf aan die Kaap ook aan 'n nuwe Psalmberyming gewerk wat hy as *Les veillées africaines ou les psaumes de David mis en vers francais* (die Afrikaanse Waakstondes) in 1703 in Nederland uitgegee het.¹² Dit is tot sy groot teleurstelling nie deur die Waalse Sinode vir kerklike gebruik in die Franse gemeentes in Nederland aanvaar nie.¹³ Die Psalmberyming kon ongelukkig vir doeleindes van hierdie artikel nie opgespoor word nie.

Behalwe die preek, is daar nog 'n handgeskrewe katekisasieboek waaruit 'n mens 'n indruk kan kry van die teologiese benadering waarmee die gemeente begelei is. Dit is opgestel deur Paul Roux¹⁴ wat as "Voorleeser en Schoolmeester in de Franchse taal"¹⁵ aangestel is. Hy was hierbenewens jarelank die plaaslike katekiseermeester.¹⁶ Vir sy kategetiese arbeid het hy 'n leerboek as hulpmiddel by die *Belydenis des geloofs* opgestel. Lank ná sy dood was dit in die voorposgemeente van Drakenstein steeds in omloop. Gedurende 1743 nog het H C von Wiedingh 'n afskrif daarvan gemaak. Volgens ds Fransiscus le Seuer,¹⁷ predikant van die Kaapse gemeente gedurende 1729-1746, was dit praktyk aan die Kaap om van handgeskrewe katekisasieboeke gebruik te maak.¹⁸

As bronne om bogenoemde inbeelding te toets moet die leerrede van Simond en die katekisasieboek van Roux nie onderskat word nie. In die prediking en kategetiese onderrig word

8. Sien *SABWI*, 755-756; J L Hattingh: "Biografieë van enkele Hugenote-predikante," ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*, 1 ev; S P Engelbrecht: *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu*. Pretoria 1952, 26 ev. Sien ook Franken: *aw*, 34 ev, 51 ev en 190 ev.

9. Die tiperende begrip "Hugenote" het in Suid-Afrika eers gedurende die 19de eeu in gebruik geraak. Vgl E Brown: "The French Refugees in South Africa and the historiography of the 19th century," ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*.

10. By H F Buys. Vgl H D A du Toit: *Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika*. 'n *Histories-homilitiese studie*. (Ongepub DD-verhandeling, UP 1947), 73, vt nt 1. Die preek is *prononcé au Cap. de bonne Esperance le 25 Janvier 1699, et depuis à Amsterdam le 17 Octobre 1706*. Volgens Du Toit is die oorspronklike in die Bibliotheque Wallone.

11. Amsterdam 1906-1907.

12. Vgl. W Van Niekerk: "Ds Pierre Simond predikant van die Hugenote", in *Die Voorligter* 51(8), Julie 1988, 23.

13. Vgl Du Toit: *aw*, 72-73.

14. Vir hom sien *SABW III*, 743.

15. Spoelstra: *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken II*, 600.

16. Sien J P Claassen: *Die sieketroosters in Suid-Afrika 1652-1866*. (Ongepub DTh-verhandeling, US 1973), 265 ev. Vgl ook P S du Toit: *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795*. 'n *Kultuur-historiese studie*. Kaapstad 1937, 58, 60 ev, 64 ev.

17. Vir hom vgl Engelbrecht: *aw*, 54 ev.

18. Vgl die *Aenspraak* in sy *Korte schets der Goddelijke waarheden . . .* Amsterdam 1746.

die religieuse uitgangspunte, die teologiese weersveranderinge en die besondere dogmatiese posisies immers op sy helderste sigbaar. Beide moet teen die agtergrond van die vestiging van die Franse vlugtelinge aan die Kaap én die teologiese oriëntering van die Franse gereformeerde kerk en sy uitloper in Nederland (die Waalse kerke)¹⁹ begryp word. Vanselfsprekend moet beide noukeurig gelees word, én met 'n pertinente vraagstelling na die gereformeerde uitgangspunte en aksente daarvan.

2. DIE "LEERREDE" OOR JOHANNES 4 VERS 23 EN 24

Vir praktiese redes word die Nederlandse vertaling van die "Leerrede over Joh 4 vers 23 en 24" ter hand geneem. Formeel is die aanpak beredeneerd en tematies met 'n inleiding, uitleg en toepassing van die teks. Simond vaar dus op die kompas van die algemene gebruike en eise van die predikking van sy dag.²⁰

Na aanleiding van die teks behandel Simond die opregte aanbidding, sowel as die toegewyde gebedshouding by die aanbieder. Hy is daarvan oortuig dat "geen andere geschiedenis of geen andere tekst in de Schrift"²¹ die aanbidding en diens aan God so duidelik leer as juis hierdie gedeelte nie. Sedert die koms van Christus lê die wyse waarop God aanbid word nie meer opgesluit in die Joods-seremoniële en kultiese van die Mosaïese wetgewing nie, maar in gees en waarheid. Eintlik is hierdie wyse van aanbidding volgens hom reeds ingegee deur die wil en natuur van God.²²

"De meening van eenige oude uitleggers"²³ wat "waarheid" in verband met die Seun van God en "geest" in verband met die Heilige Gees uitle, wys Simond af. Onder "geest" verstaan hy "de geest en de ziel des menschen," terwyl hy waarheid opvat "in den zin van reinheid en oprechtheid des harten . . . zeggende, dat de Heer wil aanduiden, hoe men God moet aanbidden door de werking van het verstand en door de oprechte toegewijtheid van een oprechte hart, zonder huichelarij of geveinsdheid".²⁴ Hierdie eksegetiese keuse het konsekwensies vir die res van sy preek en vorm in meer as een opsig die fondament vir die uitbou van sy argument, sowel as vir die toepassing daarvan op die gemeente. Daarmee stel hy die vrome mens in die middelpunt. Daarmee verleen hy aan sy leerrede 'n besliste humanistiese of antroposentriese intonasie.

By die verduideliking van die aard van die aanbidding²⁵ plaas hy dit "tegenover de vroegere diens der wet".²⁶ "Deze dienst was . . . de schors, het uiterlijke, als het ware het vleesch en

19. Vgl W Van 't Spijker: "De Waalse Kerken in Nederland," in 'n ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*. Sien verder H Bots, G H M Posthumus Meyes en F Wierenga: *Vlucht naar de vrijheid. De Hugenoten in de Nederlanden*. Amsterdam 1985. 41-67.

20. Vgl hiervoor J Hartog: *Geschiedenis van de predikking en de evangelieprediking in de Protestantse kerk van Nederland*. Amsterdam 1865, 18 ev, 97 ev, 171 ev; L Knappert: *Geschiedenis der Hervormde Kerk onder de Republiek en het Koninkryk der Nederlanden II*. Amsterdam 1912, 129 ev.

21. P Simond: *De ware Aanbidding*, 3.

22. *Dies*, 6.

23. *Dies*, 7.

24. *Dies*.

25. *Dies*, 10 ev.

26. *Dies*.

het lichaam van de innerlijke aanbidding, die er de ziel en de geest van was".²⁷ Hierbenewens was dit ook "zinnebeeld, voorafschaduwing en voorbeeld van den innerlijken diens".²⁸ God het dit met wysheid ingestel "om te dienen tot de opvoeding, die Zijn volk noodig had gedurende zijne kindsheid".²⁹ Met die "volkomen openbaring van het Evangelie" het "de kerk uit hare kindsheid tot de volwassenheid gekomen"³⁰ en is hierdie diens afgestel.

Nadat hy kortliks op die voorwerp van aanbidding – God Drie-enig³¹ – gewys het, gaan hy in op die redes vir die instelling van die nuwe diens.³² Dit lê allereers in Sy wil.³³ Hy wil geen ander diens as dié in gees en waarheid nie. Beteken dit nou dat die seremoniële en Mosaïese diens die nuwe geestelike diens weerspreek het? Dit is tog ook deur God ingestel? Simond verduidelik aan die gemeente dat die een nie die ander uitsluit nie.³⁴ Indien die Mosaïese erediens in pligpleging en verordeninge – "zonder geloof, zonder vroomheid en zonder toewijding"³⁵ – sou uitmond, het God geen welbehac daarin nie. Voorts blyk dit ewe duidelik "uit den aard der zaak zelve".³⁶ God sou Hom nie laat behaag het met die bloed van die besnydenis, die offerdienste, ensovoorts, nie.³⁷ Dit is maklik om in te sien dat Hy Hom eerder in die inwendige, in die mens se innerlike berou en reinheid, sou verlustig.³⁸ Indien 'n mens meen dat God "een welgevallen kon hebben in dingen die zonder geloof, zonder vroomheid en zonder waarachtige toewijding aan Hem konden gedaan worden," dan beteken dit dat hy óf "zeer stompzinnig" is, óf "onwaardige gedachten omtrent Gods wijsheid en majesteit moeten koesteren".³⁹

Die vraag, teken Simond hierby aan, is waarom God dan die seremoniële en vleeslike diens ingestel het as dit Hom nie behaag nie of teen sy wil indruis? Dit moet eweneens "verklaard" word.⁴⁰ God het die "ceremonieele dienst der wet . . . toegelaten"⁴¹ om sy volk binne die (na-Egiptiese) situasie waarin hulle hulle bevind het, godsdienstig te behou.⁴² Hulle was "zeer onwetend en ongevormd, . . . in slavernij gebore en opgevoed".⁴³ Die uitwendige erediens vervang dus nie die inwendige nie, maar is as 'n hulpmiddel tot onderwysing van die volk bedoel.⁴⁴ Daarmee het God Homself "in zijne neerbuigende goedheid . . . binne bereik van de bevattig van Zijn volk"⁴⁵ geplaas. So is die aanbidding in gees en waarheid voorwaarde-

27. *Dies*, 14.

28. *Dies*.

29. *Dies*, 20.

30. *Dies*. Hy sê elders dat die kerk "de eerste beginselen der wet niet meer noodig had om haar tot den dienst van God in staat te stellen," *dies*, 21-22.

31. *Dies*, 23 ev.

32. *Dies*, 24 ev.

33. *Dies*.

34. *Dies*, 25 ev.

35. *Dies*, 27.

36. *Dies*, 27 ev.

37. *Dies*, 28 ev.

38. *Dies*.

39. *Dies*, 29.

40. *Dies*, 29 ev.

41. *Dies*, 30.

42. *Dies*, 32.

43. *Dies*, 31.

44. *Dies*, 33.

45. *Dies*, 32.

lik moontlik gemaak. Daarin moes dit noodwendig "alleen om het gelóóf, de toewijding en de vroomheid" gaan.⁴⁶

Die uiterlike diens aan God is tweedens afgedaan omdat die natuur van God 'n andersoortige aanbiddingsvorm veronderstel. Teenoor die mens, wat "vleschelijk en aan het stof gehecht is," is God "een geest"⁴⁷ wat "niets met het stof in gemeen het".⁴⁸ Daarom moet Hy aanbid en gediën word op 'n wyse wat met sy natuur ooreenstem.⁴⁹ Dit is volgens Simond so "klaarblijkelijk"⁵⁰ – "verscheidene van de heidene het dit reeds erkend"⁵¹ – dat enige verdere verduideliking oorbodig is. Speel hy hiermee in die hand van die Grieks-filosofiese dualistiese uitgangspunt en teenstelling tussen gees en liggaam? Die derde argument wat Simond aanvoer om die saak waarmee hy besig is nog duideliker te bewys, diep hy op uit die geskiedenis van die Joodse volk. Met die verwoesting van Jerusalem (69/70 nC) en die opheffing van die Joodse volksbestaan is die seremoniële diens finaal beëindig.⁵²

In die laaste gedeelte van die preek bepaal Simond hom by "enkele toepassingen . . . van de les die de Heer ons er in geeft".⁵³ Sy uitleg en beredenering laat hom toe om die Rooms-Katolieke liturgie en erediens as 'n nie-Skriftuurlike ontsporing aan die maan te bring.⁵⁴ Met die "oneindig aantal ceremoniën"⁵⁵ het die kerk van Rome die uiterlike van die Mosaïese wetgewing weer binnegehaal en die ware diens van God sodoende ter syde gestel. Daarteenoor roep Simond sy gemeente op tot dank teenoor die Here, "dat Hij ons niet alleen in de eerste Christenen verlost heeft van den vleeschelijken en uitvoerigen dienst van de Mosaïese wet, maar dat Hij ons ook verlost heeft, in onze vaders, van de ceremoniën die de eigenwaan, de onwetendheid en de begeerlijkheid des menschen in de kerk hadden ingevoerd".⁵⁶

Dit beteken nie dat hy net teen die Roomse manier van aanbidning 'n byltjie slyp nie. Lidmate van die reformatoriesekerk loop eweneens die gevaar om in pligpleging te verval en na die vlees te lewe.⁵⁷ "Laat ons voortaan," gee hy gevolg aan sy waarskuwing, "den Vader aanbidden in geest en in waarheid; laat ons Hem aanbidden door daden van levend geloof, oprecht berouw, van ongeveinsde liefde, kinderlijke vreeze, vurige toewijding, diepen ootmoed, door al de handelingen van eene ziel, die vol aanbidding is voor Zijne grootheid, Zijne barmhartigheid en de wonderen zijner genade."⁵⁸ Eers só sal die Vader hulle as ware aanbidders erken en seën.

3. DIE TEOLOGIESE AKSENTUERING VAN DIE PREEK VAN SIMOND

Met die eerste oogopslag is dit 'n preek wat die leser vandag nog boei. Die suiwere en egter godsdienstige is op die allerinnigste wyse verbonde met 'n ernstige en vrome geloofshouding van

46. *Dies*, 34.

47. *Dies*, 35.

48. *Dies*.

49. *Dies*, 36.

50. *Dies*, 35.

51. *Dies*, 36.

52. *Dies*, 37.

53. *Dies*, 38-39.

54. *Dies*, 39 ev.

55. *Dies*, 39.

56. *Dies*, 43.

57. *Dies*, 44 ev.

58. *Dies*, 48.

die mens. In die beoefening van die geloof en diens aan God gaan dit inderdaad om die opregtheid van hart, en word die groot vertoon van seremonies deur die Skrif afgewys. In die lig van die erns waarmee Simond dit aan sy gemeente tuisbring, moet die positiewe beoordeling van die preek deur H D A du Toit begryp word.⁵⁹

Die vraag is egter of Simond met die aksent wat hy op die ménslike houding en benadering in die godsdiens lê, nie op 'n belangrike punt die klinkklare wyse waarop die Reformatore vanuit Christus oor die crediens en geloof gedink het, verlaat het nie. Dui die manier waarop hy telkens die mens met sy vroom geloofskennis en -ingesteldheid in sy argument sentraal stel, nie hierop nie? Teen sy bedoeling in, speel hy op 'n bedenklieke wyse terug na die geloofshouding en -kwaliteit van die mens. In die aanbidding van God gaan dit syns insiens per slot van rekening om menslike vroomheid, selfverloëning en opregtheid van gemoed. Dáárin lê die waarheid van die aanbidding van God.

Aan Christus, wat die diens in Gees en Waarheid moontlik maak, gaan hy verby. Hy maak byna niks van die heilshistoriese wending wat daar gekom het toe die Woord vlees geword het nie. Daarenteen kom die onveranderlike wil en natuur van God in die kollig. Met hierdie dogmatiese uiteensetting toon Simond aan dat die wyse van aanbidding – na gees en waarheid – in beide Testamente gehandhaaf word. Die verskil fundeer hy in die toelatlende wil van God, vanweë die staat of algemene gesteldheid van die Joodse volk. Eerder as om op die betekenis van die soenverdienste van die Middellaar vir die aanbidding en diens aan God te wys, werk hy 'n waterdigte en redelik haalbare antwoord uit ten opsigte van 'n (veronderstelde) kritiese vraag aan die teks, naamlik hoe dit versoen moet word dat die onveranderlikheid van God⁶⁰ klaarblyklik twee teenstrydige vorme van aanbidding in sy Woord vereis. Hierdie vraagstelling aan die Skrif het Simond se intellektuele behandeling van die teks onmiskenbaar beïnvloed.

Sy preek mis iets van die ongedwonge verkondiging van die Woord. Dit word Skrifverklaring waarin beredenering en uiteensetting neerslag vind. Die formele vormgewing – dit is 'n leerrede! – bevestig hierdie benadering. Dit dui daarop dat Simond nie aan die rasionele intellektualiteit van die laat 16de-eeuse humanistiese tydsges ontkom het nie. Daarvolgens moes 'n preek redelik en wetenskaplik haalbaar wees. Telkens beroep hy hom op rasionele insig, wat die saak wat in die Skrif aan die orde gestel word, ondersteun. Na die eis van die tyd het die ortodoks-reformatoriese teologie in die 16de eeu in die rigting van 'n bepaalde rasionalisering van die Godskennis en geloofsinhoud beweeg. Simond het aan die suigkrag van hierdie verskuiwing toegegee.

Behalwe dat hy die geloofskwaliteit en -uiting van die mens van soveel gewig ag, ken hy aan die ander kant aan die menslike rede gevolglik 'n bepaalde gesagsposisie toe by die uitleg en verklaring van die Skrif. Dit is natuurlik ook vreemd aan die manier waarop die Reformasie beklemtoon het dat die Skrif sy eie uitlegger is.⁶¹ Daarom bring dit geen spanning as hy rasionele en historiese insigte en argumente bybring om die Skriftuurlike verkondiging te bevestig nie. Wat die historiese betref, is dit die geskiedenis van die Joodse volk wat ingeroep word. Daarmee bring hy die genoegsaamheid van die Skrif in die gedrang.

Van die verkondiging van die Woord maak hy 'n redevoering of leerrede. Sy leerrede verraai die humanistiese intellektualiteit wat in sy dag in die kerk en teologie aan die orde

59. Vgl bv H D A du Toit: *Predikers . . . aw*, 73 ev, veral 75-76 in hierdie verband.

60. God is immers "onveranderlijk in Zijne natuur, maar eveneens in Zijn wil," Simond: *aw*, 24.

61. Vgl die proefskrif van H W Rossouw: *Klaarheid en interpretasie. Enkele probleem-historiese gesigspunte ivm die leer van die duidelikeheid van die heilige Skrif*. Amsterdam 1963.

was.⁶² Sy preek wil prakties, pastoraal, onderwysend wees. Dit wil aan die pedagogiese ideale voldoen. Maar dit gaan mank aan 'n tiperende en konfessionele verantwoording in die sin van die oer-reformatoriese teologie. Sy eksegetiese keuse laat hom (teen sy bedoeling in) in uitgangspunte vasval waarin 'n humanistiese gerigtheid die oorhand het, dit wil sê soos dit in die gereformeerde tradisie geakkommodeer en vertolk is.

So gesien, is die preek van Simond dus 'n waarskuwing om die inbeelding van Totius (en dié van die 20ste-eeuse [kerk]geskiedskrywing) nie klakkeleos na te praat nie. Onderstreep die leerboek wat in die kategetiese begeleiding van die dooplidmate van die gemeente gebruik is, hierdie waarskuwing? Of is dit bevestiging daarvan dat Totius genoeg grond het om op te staan as hy die kerklike lewe van die "Hugenote" deur en deur (Dordts-)gereformeerde inbeeld? In die volgende paragraaf word hierop ingegaan.

4. DIE EERSTE KATEGETIESE LEERBOEK UIT KAAPSE BODEM: PAUL ROUX SE *BELYDENIS DES GELOOFS*

Van buite beskou staan *Belydenis des geloofs* in die tradisie van die gereformeerde en Protestantse kategesis en teologie.⁶³ Dit is 'n vraagboek, waarop die antwoorde telkens met byhaal van die Skrif gegee word. Dit bestaan uit ag hoofdele. Dit is kort en saaklik, sonder langdragende beredenering. Op 'n ry af behandel Roux die Godsleer, die uitverkiesing, die skepping, die sondeval en die straf daarop, sowel as die noodsaak en eienskappe van 'n Middelaar. Daarna werk hy sy gedagtes oor die Middelaar uit en bepaal hom by Christus, sy nature, ampte en state. Laastens lei hy sy katkisasierte op die heilsweg en verduidelik die geloof, die regverdigmaking, heiligmaking en heerlikmaking. Hy sluit sy boek af met 'n aantal vrae oor die sakramente.

Hierdie sake is uiteraard in die breë aangesny deur die belydenisskrifte van die gereformeerde kerke.⁶⁴ Die manier waarop hy dit aan die orde stel, herinner in meer as een opsig aan die uiteensetting van die *Confessio Belgica*.⁶⁵ Sou hy sy aansluiting vind by 'n belydenisskrif wat histories verwant is aan die Franse gereformeerde kerk? In sy geheel is die boek nie so omvattend soos die Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGB) nie. Hierbenewens ontbreek dit aan die konfessionele gerigtheid van die NGB. Die *Belydenis* is nie afgestem op die geopenbaarde Godskennis en heilskennis nie, maar werk eerder met 'n intellektuele begrip van onderskeie doktrinêre waarhede. Dit blyk uit die onderliggende struktuur van die aanpak en die intellektualistiese wyse waarop Paul Roux dit uiteensit. Dit word uit en uit 'n leerboek oor die inhoud van die Christelike geloof.

Omdat hy nie 'n konfessionele metode aanlê nie, verbaas dit nie dat Roux, anders as die NGB (asook die Heidelbergse Kategismus),⁶⁶ nie uitgaan van die Skrif en die openbaring van God nie. Met die intrapslag verraai hy alreeds die antropologiese of humanistiese inkleding

62. Sien H W M van de Sandt: *Joan Alberti. Een Nederlandse theoloog en classicus in de achttiende eeuw*. Utrecht 1984, 2 ev, 78 ev; G J Vos: *Geschiedenis der Vaderlandsche Kerk. II. Van 1651-1842*. Dordrecht 1882, 100 ev; O de Jong: *Nederlandse kerkgeschiedenis*. Nijkerk 1972, 258 ev.

63. Vgl W Verboom: *De catechese van de Reformatie en de nadere Reformatie*. Amsterdam 1986, 157 ev, veral 187 ev.

64. Vgl J N Bakhuizen van den Brink: *De Nederlandse Belijdenisschriften in authentiek teksten met inleiding en tekstvergelijkingen*. Amsterdam 1967². Steubing (red.): *Bekennnistexten aus zwanzig Jahrhunderten*. Wuppertal 1970, 119 ev.

65. Bakhuizen van den Brink: *Belijdenisschriften . . . aw*, I ev.

66. Hierby kan sekerlik ook die Dordtse Leerreëls gevoeg word.

van die vroe en antwoorde wat volg. Hy knoop aan by die mens en sy kognitiewe vermoë. "Wat zyt gy?", so begin hy. Dan kom die antwoord: "Een Mensch." "Wat is een mensch?", gaan hy voort: "een redelyk Schepsel, bestaande uit ziel en lighaam".⁶⁷ Die mens, waarvan sy "ziel" ("om datse redelyk en met bewustheid van haar selven is werkende" en terselfdertyd "onsterfelyk" is) die "beste deel" is, is in staat om redelik te ken. Immers, gaan hy sy leerlinge voor, "het verstand kent en begrypt de Saeken en Waarheden die my voorkomen". Daarom lei hy die "tweede Hoofddeel" in met die vraag na "de eerste waarheid, die men kennen moet om wysgemaekt te worden tot Zaligheid. Sy antwoord is sprekend van sy benadering: "Dat God is." Dit gaan met ander woorde nie om 'n geopenbaarde waarheid nie, maar om 'n kenbare waarheid. Hy veronderstel dus dat geloofskennis nie geopenbaarde Godskennis⁶⁸ is nie, maar (óók) intellektuele kennis is. Daarmee bly 'n konfessionele uitgangspunt en Skriftuurlike intensie natuurlik prinsipiël in die slag.

Die res van sy aantekeninge bly binne die kader van hierdie vertrekpunte. God word "verstaet" as "een allervolmaakste, oneyndig Eeuwige onbegryplyk Wesen, dat alle volmaektheid volstrektelyk in zig selfs besit, en daar in ten vollen Gelukzalig is". Die "volmaektheden", wat hy lys, word weer onderskei na "het wesen Gods, . . . tot zyn verstandt en tot zyn wille". So is die "volmaektheden . . . van het wesen Gods . . . vooreerst dat hy Geestelyk is". Volgens Roux is "een Gees . . . een denkent wezen, welks natuur bestaet in een geduerige Werksaemheyd van Verstand en Wille". Die "onderscheyd" tussen "Godt die een Geest is, en onse Ziele en een Engel die ook Geesten zyn," lê daarin, verduidelik Roux, dat "Godt . . . een Ongeschaepen oneyndige volmaekte en onbegrypelyke Geest (is). Maar de Engelen en de Geest des menschen, zyn geschapen eyndige en onvolmaekten Geesten." Water "volmaektheden" hy agter die "verstandt" en "wille" van God opdiep, word hier verder in rus gelaat. Die denkklimaat en segstrant van die boek is daarmee genoegsaam na vore gebring. Dit is immers duidelik genoeg dat hy hom met 'n leer, bereken in terme van rasonale kategorië, aangaande God besig hou.

Vir die res hoef net enkele sake aangestip te word. Sy uiteensetting van die Goddelike Drieenheid is minder sistematies en rationeel ingedink. Daarby gaan hy supralapsaries (en dus anders as die Drie Formuliere van Eenheid) met die Raad van God om. Die "Besluyt der verkiesing en der Verwerping" val immers vóór die skepping en sondeval. Die skepping was trouens, sê Roux, "het eerste werk Gods geweest tot uytvoering van zyn Besluyt". Vir die geskape mens wat van nature God en naaste bemin het, het God egter ook 'n "Proef Gebodt" meegegee. Daaraan het hy hom nie gehou nie, en strafwaardig geword. Dit bring Roux by die behandeling van die Middellaar – "God en mensch in Eenigheid des Persoons" – na sy "ampten" en "staten". In die laaste en "achste deel" beweeg hy nader aan die kern van die gereformeerdkonfessionele vertolking. Hy dui aan dat "Godt, die door middel van zyn Woord en Geest" die "Zaligmakende Geloof" in die mens verwek. Op grond van Sy verdienste word die mens geregverdig, geheilig en verheerlik. Soos hierbo gesê, sluit hy sy boek af met 'n uiteensetting van die sakramente van die doop en die nagmaal.

In die lig van die voorafgaande opmerkings is dit duidelik in watter mate Roux tóg die uitgangspunte van die konfessionele gereformeerde kategese as onderrig van die Woord

67. P Roux: *Belydenis des Geloofs*. Eerste hoofdeel.

68. Soos dit bv by Calvin die geval is. Vgl J Van Genderen: *Geloofskennis en Geloofsverwachting*. Kampen 1982, 7 ev.

verlaat het. Is dit omdat, soos Balke aantoon,⁶⁹ die Franse gereformeerde kerk 'n tiperende intellektuele tradisie in sy teologiese oriëntering en verwerking gehuisves het? Van die reformatoriese en gereformeerde kerke is hierdie kerk immers in groter mate deur 'n humanistiese-kritiese gees beïnvloed. In hierdie teologiese oriëntering is die onderrig van die Woord in die Drakensteinse gemeente klaarblyklik waargeneem. Daarom laat die katkisasieboek eweneens 'n waarskuwende lig aangaan om nie die gereformeerde aard van die godsdienstige lewe van die Franse vlugtelinge in terme van die Drie Formuliere van Eenheid te oorskakel nie.

5. SAMEVATTING: KONFESSIONEEL EN "DORDTS"-GEREFORMEERD?

Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat bogenoemde geskrifte uit die Drakensteinse gemeente 'n ernstige vraagstelling opwerp aan die tradisionele Dordts-gereformeerde ont-sluiting en inbeelding in verband met die Franse "Hugenote" aan die Kaap. Alhoewel die leerrede én die leerboek gesnede is uit die hout van die tradisie van die reformasie en sy teologie, dra beide die onmiskenbare merktekens van 'n humanistiese vertolking daarvan. In sy aksentuering staan Simond klaarblyklik digby diegene wat teologiese kennis en ervaring voorrang bó die Gods- en heilskennis gegee het. Roux weer, lê die aksent in die teenoorgestelde rigting. Dogma-histories gesproke, gaan sy uiteensetting en inkleding terug op die intellektuele benadering van die gereformeerde ortodoksie. Beide geskrifte dwaal dus op 'n eie manier weg uit die veilige besutting van die konfessionele vertolking van die gereformeerde benadering en raak daarmee in die ban van 'n humanistiese intellektualiteit en antroposentriese vroomheid verstrengel.

As Totius dus "in de voorste rijen banken . . . de kwarto Bijbels en Psalmenboeken . . . met Schetzen van D'Outrein en Oostrums over de Heidelbergse Katechismus" in die Drakensteinse kerk gereed sien lê, is dit in die lig van alles wat tot dusver gesê is 'n vraag of die gemeente werklik hulle "geestelike kost" hieruit geput het.⁷⁰ 'n Preek van hul predikant, sowel as die leerboek van hul katkisante, dui daarop dat die teologiese ligging van die gemeente van die Franse "Hugenote" nie in die onmiddellike nabyheid van die Heidelbergse Katechismus gesoek moet word nie. En daarom ook nie in dié van die Dordtse Leerreëls nie. 'n Aanvaarde inbeelding moet gevolglik hersien word.

69. Sien W Balke: "Preaching in the Reformed Church of France," ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*. Sou dit 'n refleksie wees van "the peculiar development of the intellectual tradition of the French Protestant Church . . . and essentially humanist orientation" wat hy onweerlegbaar aangedui het?

70. Hamersma, Los en Du Toit: *aw*, 283.